

Oproep om teologiese opleidingsmodel te heroorweeg

Rethinking Ministry: New Wine in New Wineskins - Prof JJ (Dons) Kritzinger

In sy nuwe boek, *Rethinking Ministry*, slaan prof Dons Kritzinger die spyker op die kop in sy beoordeling van die krisis wat tans die meeste van die hoofstroomkerke in Afrika bedreig. Die kerke bars uit hulle nate – maar daar is 'n akute tekort aan toegeruste leiers.

Hoekom? Heel waarskynlik omdat dié kerke vasgevang is in 'n verouderde bedieningsmodel.

Volgens dié model moet 'n hoogs-opgeleide predikant elke gemeente bedien. Dit moet iemand wees met universitêre opleiding van 'n baie hoë akademiese standaard – wat deesdae feitlik nie meer bekostigbaar is vir Jan Alleman nie. Die uiteinde is dat gemeentes te gronde gaan weens 'n gebrek aan opgeleide leraars.

Wat Kritzinger voorstel, is 'n totale ommekeer, 'n heroriëntasie in ons benadering tot die bediening. In moderne terme sou ons dit seker 'n paradigmatruif kon noem.

Hy gaan terug na die Bybel om die belang van 'n besondere bediening vir elke gelowige te herontdek (die sogenaamde “amp van die gelowige”). Dis nie net die dominee wat 'n bediening het nie; elke gelowige word geroep vir 'n taak. Daarom sien hy ook 'n belangrike nuwe rol vir die gewone gemeenteleiers, soms “leke” genoem – in werklikheid 'n miskenning van hulle Bybelse roeping (want 'n “leek” is 'n persoon sonder kennis of deskundigheid, wat nie gesê kan word van 'n gemeenteleier wat deur die Gees van God geroep en toegerus word vir sy of haar taak nie).

Kritzinger reken dat gemeenteleiers 'n baie meer prominente rol sal moet speel om gemeentes te help bedien, en selfs daarvoor georden behoort te word. Vanselfsprekend sal hulle steeds opgelei moet word, maar dan nie in 'n duur resensiële opset nie. Hulle kan in-diens-opleiding ontvang deur middel van afstandsonderrig. Die huidige leraars kan help met hierdie toerusting en so ook 'n totaal nuwe rol begin speel.

In persoonlike korrespondensie sê Kritzinger dat dit eintlik maar vir hom gaan oor twee sake:

- 'n Verkeerde teologie van die bediening; en
- Strukture wat nie pas nie.

Altwee sake geld eintlik nie net die hoofstroomkerke elders in Afrika nie, maar ook die NG Kerkfamilie. Al hoe meer klein gemeentes sukkel met die ou patroon, maar die amp van die gelowige kom nog nie tot sy reg nie.

Hierdie boek is 'n profetiese wekroep. Dit daag die hoofstroomkerke uit om hulle modelle vir bediening en teologiese opleiding te heroorweeg.

Dis nogal ironies dat Kritzinger ons na die sogenaamde onafhanklike kerke (“African Initiated Churches” – AIC's) moet verwys vir 'n meer effektiewe model van bediening in Afrika. Dis inderdaad betekenisvol dat juis dié kerke die vinnigste op ons kontinent groei. Hulle werk feitlik almal met een of ander vorm van 'n tentmakerbediening wat gepaard gaan met in-diens-opleiding.

Dit is natuurlik waar dat baie van ons gemeentes lank reeds besig is met hierdie kopskuif. Mens wil daarom glo dat hierdie boek nuwe stukrag sal gee aan hierdie vernuwingsbeweging van God se Gees binne die kerk. Waai, Wind, waai!

• **Dr Hennie van Deventer** (*Bybel-Media, CLF en PSD vir ADD*).

